HOOFSTUK 7

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

1. DIE SENTRALE PLEK EN ROL VAN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

In hierdie ondersoek is aangetoon dat die lewe van die mens grootliks om kommunikasie sentreer (vgl. hfst. 2, punt 2.1 en 2.2). Alles wat die mens doen, kan op een of ander wyse tot kommunikasie herlei word. Hieruit is dit duidelik dat kommunikasie 'n baie belangrike sentrale plek in Godsdiensonderrig sal inneem. Tydens die ondersoek van 'n aantal aspekte van die metodiek van Godsdiensonderrig het dit ook geblyk (vgl. hoofstuk 6).

Kommunikasie is 'n handeling waardeur die mens met die medemens in verbinding tree, deur gebruikmaking van sy sintuiglike fasiliteite op so 'n wyse dat hierdie verbinding die vorm aanneem van 'n aanspreek en 'n oproep, van 'n beslissing en 'n antwoord, sodat elke deelnemer aan die kommunikasiesituasie beïnvloed word om die wêreld en die omgewing sowel as sy medemens en homself beter te verstaan (vgl. pp. 27-31).

Vir kommunikasie is 'n bepaalde verhouding tussen die betrokkenes noodsaaklik. Daar moet dus reeds 'n mate van gemeenskap bestaan voordat kommunikasie kan plaasvind. Hoe groter die gemeenskaplike is, hoe beter is die kommunikasie.

Die onderwyser moet die leefwêreld of horison van die kind binnetree en 'n ontmoeting van oog met oog en hart met hart moet plaasvind. Alleen dan is positiewe beïnvloeding moontlik en vind

Godsdiensonderrig plaas. Eintlik vind Godsdiensonderrig alleen plaas waar daar ware kommunikasie is. Daarom moet die kommunikasie-eis by die benadering van alle aspekte van Godsdiensonderrig aandag kry. By die opstel van sillabusse en by die skryf van handboeke moet die plek en rol van kommunikasie ernstige oorweging geniet. By die beplanning en aanbieding van lesse in Godsdienonderrig moet kommunikasie 'n kernoorweging wees. By die keuse van hulpmiddels moet die kommunikatiewe waarde daarvan bepalend wees. 'n Diepgaande en omvattende studie van die kommunikasiegebeure tydens elke aspek van Godsdiensonderrig is noodsaaklik en verdien besondere aandag.

2. DIE PROBLEEM VAN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

Dit is reeds aangetoon dat die probleem van kommunikasie een van die belangrikste probleme van die wêreld is. Daar is ook gevind dat kommunikasie 'n groterwordende probleem op alle terreine van die samelewing en ook in Godsdiensonderrig is (vgl. p. 15).

Die grondliggende oorsaak van die probleem van kommunikasie word in Genesis aangetref. Deur die sondeval is die verhouding van mens tot God versteur en die gevolg daarvan is 'n verwringing van alle intermenslike kommunikasie. Swak kommunikasie is dus 'n teken sowel as 'n gevolg van die versteuring van die oorspronklike orde. Versteurde intermenslike kommunikasie is die gevolg van versteurde kommunikasie met God, en dus is die kommunikasieprobleem in wese 'n religieuse aangeleentheid wat nie deur die wetenskap alleen opgelos kan word nie (vgl. hfst. 2, punt 5.5).

Deur die koms van Jesus Christus na die aarde en deur sy oorwinning oor Satan, verkry die mens die moontlikheid tot die herstel

van sy verhouding tot God en daardeur die moontlikheid tot beter intermenslike kommunikasie. Hierdie moontlikheid word eers werklikheid wanneer die indiwidu Jesus Christus as sy Verlosser aanneem en hy 'n ware kind van God word. Die probleem is egter dat hierdie herstel van die indiwiduele persoon se verhouding tot God nie van die mens afhang nie, maar alleen deur God self, deur die werking van die Heilige Gees wat geloof skenk, daar= gestel kan word. Geloof in Jesus Christus is dus die diepste grond vir ware kommunikasie, en die teenwoordigheid of afwesig= heid van geloof is die grondliggende faktor wat kommunikasie be= invloed (vgl. pp. 39-40).

Egte kommunikasie op menslike vlak is alleen tussen gelowiges moontlik, want wanneer die mens 'n Christen-gelowige word, lê hy die ou self af en word in Christus 'n nuwe mens. Hierdie nuwe lewe is vir alle Christene dieselfde. Die gelowiges het 'n gemeenskaplike doel, hul deel 'n nuwe lewe in Christus, en alleen "within the community of Christ-believers is communication on any meaningful issue possible." (Schouls, 1968, pp. 27-30).

Voordat kommunikasie in Godsdiensonderrig kan plaasvind, moet die innerlike van die onderwyser en die kind eers in rat met Gods Woord wees voordat hulle innerlik in rat met mekaar kan kom.

Die Bybel leer ons dat egter kommunikasie tussen Christen en nie-Christen nie moontlik is nie en dat ons nie daarna moet strewe nie (Van Riessen & Firet, 1963, p. 62). Waar die onderwyser nie 'n Christen is nie, sal daar nie ware kommunikasie tussen hom en enige van die Christen-leerlinge in sy klas wees nie. Waar die onderwyser wel gelowig is, kan daar ware kommunikasie tussen hom en die gelowige kinders in die klas wees. Tussen die gelowige

onderwyser en ongelowige kinders kan daar egter geen ware kommu=nikasie wees nie.

In hoofstuk 6 is aangetoon dat die aantal nie-Christelike kinders in skole steeds toeneem, en dit vergroot die probleem van kommuni=kasie in Godsdiensonderrig. Waar daar in die verlede van die uitgangspunt in Godsdiensonderrig uitgegaan is dat die kinders gedoopte verbondskinders is, daar is dit in toenemende mate van=dag nie meer die geval nie. Hierdie veranderde posisie bring 'n nuwe dimensie in Godsdiensonderrig en vereis 'n nuwe benadering in die klaskameronderrig, die sillabusse, die handboeke, die op=leiding van onderwysers, ens. Dit bring 'n belangrike nuwe faset in Godsdiensonderrig en dui op evangelisasie. Navorsing in ver=band met hierdie aspek het dringend noodsaaklik geword.

Die skeppingsaard van die mens dra by om die probleem van kommuni=kasie in Godsdiensonderrig te bemoeilik. Die mens kry die taak om die skepping te onderwerp en daaroor te heers, en hy is daar=voor toegerus. Ook die kind wil self ontdek en heers, en wil nie dinge klaar oorheers ontvang nie (vgl. pp. 34-35). Die wyse van aanbieding in die skool veroorsaak soms dat die kind nie gretig is om onderrig te word nie. Die probleem van kommunikasie in Godsdiensonderrig is dus dikwels 'n probleem van gesindheid by die kind. Die ontvangklikheid van die kind en sy wil om aandag te gee is dus baie belangrik. Die onderwyser mag nie aanvaar dat die kind wil en sal aandag gee nie. Dit is sy taak om die kind te motiveer sodat hy wel aandag sal gee. Motivering is 'n uiters belangrike aspek van Godsdiensonderrig en verdien die nou=gesette aandag van die onderwyser (vgl. pp. 214-215).

3. DIE ONDERWYSER EN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

Om kommunikasie tussen hom en die kind tot stand te bring, is die eerste taak van die onderwyser. Kommunikasie tussen onderwyser en kind is egter nie die finale doel van die onderrig nie. Die finale doel is die totstandkoming van 'n bepaalde verhouding tussen kind en God, maar hier is die onderwyser uitgesluit. Dit is wel die taak van die onderwyser om die kind met God en sy Woord te konfronteer en om die kind tot posisiekeuse en standpuntname te beïnvloed.

In die kommunikasiesituasie gee die onderwyser nie net inligting deur nie, maar is in sy hele wese betrokke. Deeglike kennis en 'n goeie opleiding is noodsaaklik maar dit is nie die belangrikste vereiste wat aan die onderwyser gestel moet word nie. Die geloofseis aan die onderwyser staan voorop en wel om baie goeie redes:

* Dit is reeds aangetoon dat geloof 'n vereiste vir ware kommunikasie is. As die vertikale verhouding van die onderwyser nie reg is nie, sal dit 'n struikelblok in die weg van die horisontale verhouding lê (vgl. pp. 66-68).

* Die doel van kommunikasie in Godsdiensonderrig is om die kind so te beïnvloed dat God vir die kind sal wees wat Hy reeds vir die onderwyser is. Indien die verhouding van die onderwyser tot God nie reg is nie, is sodanige beïnvloeding nie moontlik nie.

* Die onderwyser beïnvloed die kind deur wat hy sê, maar meer deur wat hy doen en is (vgl. p. 66).

* By die bepaling van die doel en betekenis van 'n bepaalde Skrifgedeelte is dit uiters noodsaaklik dat die onderwyser 'n Christen-gelowige sal wees. Hoe kan hy anders tot die ware betekenis van die feite deurdring as dit nie in die geloof aan hom geopenbaar word nie? Toe die dissipels Jesus gevra het waarom Hy deur gelykenisse spreek, het Hy geantwoord: " . . . Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie. Want hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het." (Matt. 13:11 & 12). Vir ware insig in die Skrif is ware geloof noodsaaklik, en insig is 'n voorvereiste by uitleg.

Ware geloof, 'n suiwer geloofslewe en biddende omgang met die Skrif is dus die belangrikste vereistes wat aan die onderwyser in Godsdiensonderrig gestel moet word.

4. DIE INHOUD VAN KOMMUNIKASIE IN GODSDIENSONDERRIG

Die inhoud van die Skrif is ewig, onveranderlik en waar, en geen verandering aan die inhoud van die Skrif mag ooit selfs oorweeg word nie.

Die probleem in verband met die inhoud van die Skrif lê by die selektering en ordening daarvan:

* Die inhoud is so omvangryk dat selektering van die materiaal noodsaaklik is.
* Die Bybel bevat een boodskap en vorm een geheel, maar dit is oor 'n groot getal bladsye versprei.

* Die boodskap moet oor die jare wat die kind in die skool is, versprei word sonder om die eenheid daarvan te verbreek, maar ook sonder te veel onnodige herhaling.

* Die inhoud moet by die aard, behoeftes en vermoëns van die kind in sy verskillende wordingsperiodes aanpas.

* Die metodes waarop die leerstof aangebied word moet gereeld hersien word omdat veranderde omstandighede, kennis en gesindhede nuwe benaderings vereis.

* Die Bybel self is die bron van die inhoud, maar buite-Bybelse leerstof moet in ooreenstemming met die aktualiteitseis ingesluit word. Leerstof wat vandag besondere aandag verdien is Bybelse Aardrykskunde, Oudheidkunde en Opgrawings, hedendaagse godsdienstige strominge en aktuele temas (vgl. pp. 86-90).

Die aktualiteitseis van die leerstof verdien besondere aandag. Die Bybel is vir vandag geskryf en moet so aangebied word dat dit aktueel in die lewe van die kind hier-en-nou sal wees. Die inhoud van die Skrif is op die kind en sy lewe gerig en die eenvoudige eis is dat dit so aangebied moet word (vgl. pp. 94-96).

Die huidige keuse en rangskikking van die leerstof is verouderd en verdien dringende herbeplanning (vgl. pp. 91-94).

5. DIE HUIDIGE VERANDERDE MILIEU EN SITUASIE VAN DIE KIND

Dit is reeds aangetoon dat die onderwyser die leefwêreld of horison van die kind moet ken en binnedring om met hom in kommunikasie te kan tree (vgl. p. 98-99). Die leefwêreld van die kind is egter aan voortdurende veranderinge onderworpe en dus moet die

onderwyser nie alleen die huidige ken nie, maar moet hy voort= durend op sy hoede vir nuwe verwikkelinge wees. Die nuwe moet hy nie alleen ken nie. Hy moet ook bepaal of dit nuwe benaderings vereis. Nuwe aansluitingsmoontlikhede moet onmiddellik benut word, maar sinlose veranderings moet vermy word.

In hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat die milieu, situasie en gesindheid van die hedendaagse kind in talle opsigte heel anders as die van sy voorgangers is (vgl. hoofstukke 4 en 5).

5.1 Meerdere kennis

'n Duidelike verskil tussen die hedendaagse kind en sy voorgangers is die kennisvlak. Wetenskap en tegniek het die kennisvlak van die mensdom geweldig verhoog en die kommunikasiemedia bring baie van hierdie kennis tot by die kind. Daarby maak die hedendaagse vinnige vervoermiddels en welvaart dit vir die kind moontlik om op plekke te kom waar sy voorgangers nooit kon nie (Vgl.pp.107-118).

Die kind van vandag hoor en sien dus veel meer en dit verruim en verbreed sy horison. Hy leef nie meer in 'n klein en eiesoortige wêreldjie nie, maar die hele wêreld het sy leefwêreld geword.

* Die kind leer die prestasies van die mens in byvoorbeeld ruimtereise, atoomsplitsing, orgaanoorplanting en proef= buisbabas ken.

* Hy sien ook die slegte in byvoorbeeld aanrandings, moorde en oorloë.

* Hy ken ook die probleme van die mensdom in byvoorbeeld

oorbevolking, voedseltekorte, armoede, besoedeling en die versteuring van die natuurlike balans.

* Hy ken die beperkthede van die mens en van die aardse hulpbronne.

* Hy kry ook te doen met beskouinge soos evolusionisme, liberalisme en kommunisme.

5.2 Veranderde milieu

Wetenskap, tegniek, meganisasie, organisasie, die stad, rykdom en kommunikasiemedia het baie tot die verandering in die leef= wêreld van die kind bygedra (vgl. hfst. 4, punt 3).

* Die stad bring 'n nuwe lewenspatroon met sy eie uitdagings, geleenthede, versoekings en gevare (vgl. p. 113).

* Rykdom skep 'n bepaalde menstipe met sy eie kenmerkende lewenswyse. Dit veroorsaak dat die kind dinge kan doen en besit wat vroeër gelaat moes word omdat hy dit nie kon bekostig nie. Rykdom verskaf groter gemak, meer vrye tyd en verminder harde arbeid (vgl. p. 113).

* Wetenskap en tegniek verskaf artikels wat die vorige geslag slegs oor gedroom het.

* Kommunikasiemedia fikseer die aandag op die horisontale vlak en kanaliseer die lewe na die sekulêre. Kommunikasie= media verhoog die kompleksiteit van die lewe en maak dit vir die kind onanaliseerbaar.

* Ekonomiese eise het 'n sterk invloed op die huislike lewe. Vaders, maar veral moeders is in 'n toenemende mate nie meer tuis tot die kind se beskikking nie en gevolglik leef ouers en kinders al meer in verskillende sfere. Daar is meer gebroke huise, en opvoeding tuis sowel as die hand= hawing van dissipline toon agteruitgang. Die gevolg is onder andere dat die kind vroeër selfstandig, selfbeslis= send en selfversorgend moet wees (vgl. 149-151).

* Die veranderinge in die leefwyse en gesindhede van die volwassene het ook 'n invloed op die wêreld van die kind. Hy ervaar ook die gevolge van die algemene gejaagdheid en spanning. Die sosiale verval, styllose lewenswyse, drank= misbruik, ens. druk hul eie stempel op die leefwyse van die kind af.

* Die kind lewe in 'n wêreld waarin geloof en die kerk 'n steeds kleinerwordende rol speel. Huisgodsdiens en Christe= like opvoeding tuis toon 'n agteruitgang. Die kind sien kerkloosheid en sabbatsontheiliging op 'n ongekende skaal. Daar is dus 'n algemene ontkerstening van die milieu van die kind (vgl. pp.174-179).

5.3 Veranderde geestelike gesteldheid

Die belangrikste gevolg van die meerder kennis en veranderde leefwêreld van die kind is die invloed daarvan op sy geestelike gesteldheid:

* Die wyer ervarings- en belewingsveld van die kind maak dat hy meer ontvanklik is en geneig is om onbegrens te dink.

Tog het hy 'n sterk behoefte aan grense, want daarsonder voel hy onseker en ontwikkel 'n minderwaardigheidsgevoel (vgl. pp. 152-153).

* Die kind ken en besit baie, en dit laat 'n gevoel van self= genoegsaamheid en selftevredenheid by hom posvat.

* Die kind word met 'n situasie gekonfronteer waarin hy grootliks sy weg self moet vind, en dit veroorsaak dat hy meer selfstandig, nadenkend en selfbeslissend is. Hy is gewoond daaraan om dinge self te doen, om self te soek en te vind, en is waarskynlik beter as sy voorganger in staat daartoe. Hierdie moontlikheid moet in die Godsdiens= onderrig benut word en daar moet minder "met 'n lepel" ge= voer word (vgl. p. 207).

* Hy is dikwels verveeld en eensaam en verlang dus na gemeen= skap, geesdrif en entoesiasme.

* Hy soek na die sin in die verwarrende wêreld en reageer hewig teen gebruike en tradisies wat vir hom sinloos lyk (vgl. pp. 163-164 en 171-174).

* Die kind raak makliker sedelik en godsdienstig afgestomp en leer nie maklik die mag van gebed nie.

Die kind kan nie alles wat hy sien, hoor en ervaar geestelik ver= werk nie en dit lei tot angs, wanhoop en wreweligheid. Daar moet meer as ooit tevore oor die geestelike vorming van die kind besin word, want die snelle veranderinge het 'n agterstand met

betrekking tot sy geestelike aanpassing tot gevolg. Verdere navorsing op hierdie terrein word steeds belangriker.

6. AANSLUITINGSGELEENTHEDE BY DIE HEDENDAAGSE KIND

In hierdie ondersoek is aangetoon dat die veranderde kennis, milieu en gesindheid van die kind hom in 'n besondere mate vir die onderrig van sekere aspekte oop stel, en dat dit nuwe of verbeterde aansluitingsmoontlikhede en -geleenthede bied (vgl. hoofstukke 4 & 5). Enkele hiervan is:

* Die wyer kennisvlak en groter ontvangklikheid van die kind bied 'n groter verskeidenheid aansluitingsmoontlikhede. Die kind dra kennis van so 'n wye verskeidenheid onder= werpe dat daar 'n groot aantal aansluitingspunte by sy ervaringsveld moontlik is.

* Die kind soek na die sin van die lewe en dit maak hom in 'n besondere mate ryp om die eeue-oue antwoorde van die Skrif te aanvaar. Die huidige sekularisme, liberalisme, ens. moet in die lig van die Skrif aan hom verklaar word, en die ware sin van die lewe moet sterk beklemtoon word.

* Die kind sien die lelike in afguns, hebsug, kompetisie, stryd, haat en oorlog en dit bied 'n ideale geleentheid om die groot gebod van liefde by hom tuis te bring. Die liefdesgebod was nog nooit meer relevant as vandag nie (vgl. p. 134).

* Die kind beleef 'n gemeenskap wat sonder waardes en norme is, terwyl hy by uitstek 'n waarde-eerbiedigende wese is.

Aangesien waardes en norme geborgenheid en sekerheid aan die kind bied, is dit belangrik dat die Christelike waardes, norme en beginsels sterk tuisgebring sal word (vgl. pp.157-158)

* Eensaamheid is 'n sterk dryfveer tot kommunikasie en is dus 'n aansluitingspunt vir kommunikasie in Godsdiens= onderrig.

* Die kind sien die goeie en die slegte in die huidige lewe, en dit bied die geleentheid om die stryd tussen die vroue= saad en die slangsaad duidelik tuis te bring.

* Hy sien die opstand teen gesag in terrorisme, kapings, sabotasie, ens. raak, en is gereed om die grond vir gesag te leer ken. Hy moet besef dat alle gesag verleende gesag is, dat die mens alleen in die naam van God gesagsdraer is, en dat hy verantwoording teenoor God verskuldig is(Vgl.p.136).

* Hy beleef die verval in dissipline en is in 'n besondere mate ryp om die vyfde gebod te verstaan (vgl. p. 135).

* Die kind het vriendskap nodig, terwyl Godsdiensonderrig die geleentheid bied om die belangrikheid van liefde, trou, egtheid, eerlikheid, opregtheid en regverdigheid in mense= verhoudings tuis te bring (vgl. p. 158).

* Die kind sien die verskil tussen dit wat hy in Godsdiens= onderrig leer en dit wat in die lewe plaasvind. Dit is dus noodsaaklik dat die redes hiervoor in die lig van die Skrif aan hom verstrek sal word (vgl. p. 160).

* Die kind soek meer as ooit tevore na geluk. Daarom bied die huidige die ideale geleentheid om aan hom te toon waar ware geluk te vind is, nl. alleen in Jesus Christus (vgl. pp. 159-160).

7. ENKELE VERDERE OPMERKINGS

7.1 Kommunikasie is die sentrale aspek van Godsdiensonderrig. Die hele onderrig moet daarom draai en daarop ingestel wees, maar tans is dit nie altyd die geval nie.

7.2 In die onderrig moet van metodes gebruik gemaak word wat die maksimum moontlikheid tot kommunikasie bied. Die vertelmetode, die vraag-en-antwoordmetode en die gesprek= vorm pas hiervoor die beste (vgl. pp. 198-205).

7.3 Die hele onderrig moet lewensgerig wees. Om in die huidige wêreld staande te bly, moet die kind met kennis daarvan toe= gerus wees. As hy hom byvoorbeeld in die huidige ideolo= giese stryd wil handhaaf, moet hy daarvoor toegerus wees. Die feit dat die Bybelse inhoud net so relevant soos van= dag se koerant is, maak dat Godsdiensonderrig die ideale vak vir lewensgerigte onderrig is.

7.4 Deeglike ondersoeke in verband met kommunikasie, onderrig= metodes en media is noodsaaklik, maar ons vertroue by die aanbieding van Godsdiensonderrig mag nie hierin geleë wees nie. Die waarde van die aanbieding is nie in menslike wysheid geleë nie. Ware kommunikasie en ware sukses is die werk van God self. Die ware krag in Godsdiensonderrig is die krag van God self. Wat ons werklik soek en nodig het, is die seën van God op ons werk.

8. SAMEVATTING

Die vermoë om te kan kommunikeer is 'n basiese hoedanigheid van die mens. Daarom sal kommunikasie 'n baie belangrike en sentrale plek in Godsdiensonderrig inneem en behoort die onderrig daarop ingestel te wees.

Kommunikasie is vandag 'n probleem op alle terreine van die samelewing en in 'n besondere mate in Godsdiensonderrig. Die sondeval van die mens is die grondliggende oorsaak van die probleem van kommunikasie. Deur die sondeval is die verhouding van die mens tot God versteur en die gevolg daarvan is 'n verwringing van alle intermenslike kommunikasie.

In Jesus Christus verkry die mens die moontlikheid tot die herstel van sy verhouding tot God, en daardeur die moontlikheid tot beter intermenslike kommunikasie. Hierdie moontlikheid word eers werklikheid wanneer die indiwidu Jesus Christus as sy Verlosser aangeneem het. Geloof in Jesus Christus is dus die diepste grond vir ware kommunikasie.

Voordat ware kommunikasie kan plaasvind, moet die innerlike van die onderwyser en die kind eers in rat met Gods Woord wees. Die belangrikste vereiste vir kommunikasie in Godsdiensonderrig is dus dat beide onderwyser en kind Christene moet wees.

Die aantal nie-Christelike kinders in skole neem egter vandag toe. Dit bring 'n nuwe faset wat op evangelisasie dui, en vereis 'n nuwe benadering ten opsigte van sillabusse, handboeke, die opleiding van onderwysers en die klaskameronderrig.

Om in kommunikasie met die kind te kan tree, moet sy horison ge= ken, verstaan en binnegetree word. Die kennisvlak, milieu en geestelike gesteldheid van die hedendaagse kind is egter in vele opsigte heel anders as die van die kind van vorige geslagte. Hierby moet aangepas word, en dit vereis nuwe benaderingswyses in Godsdiensonderrig. Die huidige keuse en rangskikking van die leerstof in Godsdiensonderrig is verouderd en verdien her= beplanning. Dit moet onder andere by die aktualiteitseis van die hedendaagse kind en samelewing aangepas word.

Kommunikasie neem 'n sentrale plek by elke aspek van Godsdiens= onderrig in en dus moet die hele metodiek van Godsdiensonderrig op kommunikasie ingestel wees. Vandag is dit egter nie altyd die geval nie.

Deeglike beplanning, opleiding en aanbieding by Godsdiensonderrig is noodsaaklik, maar ons vertroue mag nie hierin geleë wees nie. Ware kommunikasie en ware sukses berus alleen in die werking van die Heilige Gees. Die ware krag in Godsdiensonderrig is die krag van God self. Wat ons werklik soek en nodig het is die seën van God op ons werk.

9. AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

Sekere studierigtings is reeds in hierdie hoofstuk aangedui. Die volgende verdien ook aandag:

* Empiriese navorsing in verband met die huidige stand van Godsdiensonderrig in primêre, sekondêre en tersiêre onderwysinrigtings, Die resultate kan ook met die resul= tate van vroeëre studies vergelyk word om bepaalde tendense aan te toon.

Navorsing kan gedoen word om die implikasies van moderne ontwikkelinge vir Godsdiensonderrig te deurgrond.

Navorsing in verband met Godsdiensonderrigsillabusse in primêre en sekondêre skole het dringend noodsaaklik geword.

In die lig van die toenemende getal nie-Christelike kinders in skole verdien die hele aangeleentheid van die opleiding van Godsdiensonderrigonderwysers verdere ondersoek.